8: Jare se dienswerk

8.1 Hoe het die Ned Geref Kerk die gemeenskap die afgelope paar dekades gedien?

8.1.1 As die verhaal van die Ned Geref Kerk se rol tydens die apartheidsera vertel word, moet vanselfsprekend ook aandag gegee word aan dié kerk se dienswerk deur die jare in en aan die gemeenskap.

8.1.2 In 'n sekere sin het die Ned Geref Kerk in 1827 met die stigting van "Een School voor de Blinden en Doven" op Worcester sy formele barmhartigheidsbediening begin. Oor die jare is onder alle bevolkingsgroepe 8 skole vir die blindes, 11 skole vir dowes asook 'n skool en nasorgsentrum vir doofblindes opgerig. Daar was in 'n stadium sowat 78 sendinghospitale wat deur die Ned Geref Kerk beheer is. In die destydse Transvaal het die hospitale op Nkhensani, Tshilidzini, Meetse-A-Bophelo, Bakenberg, Letaba en Magalakwena almal hulle ontstaan te danke gehad aan die groot sendingoplewing in individuele gemeentes.

8.1.3 In die jare vyftig het die Ned Geref Kerk 8 tuistes vir bejaardes bestuur. Teen 1990 was daar 113. Agt tuistes vir chroniese siekes is gebou asook 'n hospitaal vir herstelde en herstellende melaatses. Die kerk het 23 kinderhuise landwyd. Drie nywerheids- en landbouskole is opgerig.

8.1.4 Die Ned Geref Kerk het na Afrika uitgereik en 8 hospitale is in Botswana, Nigerië, Zimbabwe, Malawi en Zambië opgerig, en 3 inrigtings vir melaatses in Nigerië, Zimbabwe en Zambië. Drie skole en nasorgsentrums is in Zambië, Zimbabwe en Botswana gebou, 'n kinderhuis in Zambië en 2 skole vir dowes in Zimbabwe en Zambië.

8.1.5 Die Ned Geref Kerk het sedert die jare sestig intensief by gemeenskapsdiens betrokke geraak en in 1990 reeds 23 diens-sentrums bestuur. Sedert 1992 het van die NG kinderhuise begin om

satelliet-kinderhuise in agtergeblewe gebiede te bedryf. So bedryf die Abraham Kriel-kinderhuis 'n groot satelliet-kinderhuis in Soweto.

8.1.6 Gemeenskapsontwikkeling het sedert 1993 'n toegespitste beklemtoning gekry en 319 maatskaplike werkers in 108 maatskaplike kantore dwarsoor die land is direk by plakkerskampe en agtergeblewe gebiede betrokke.

8.1.7 Die kerk se inrigtings en dienste is oop vir alle bevolkingsgroepe. Die maatskaplike werkers lewer dienste aan alle mense in Suid-Afrika. 60% van die beroepstyd van maatskaplike werkers van die Ned Geref Kerk word aan statutêre sake bestee en dié dienste van die kerk se maatskaplike werkers word allerweë as onontbeerlik beskou. In totaal beloop die kerk se bedryf van hierdie dienste sowat R245 miljoen per jaar waarvan die staat ongeveer 47% subsidieer.

8.1.8 Feitlik alle gemeentes van die Ned Geref Kerk is direk betrokke by gemeenskapsontwikkeling. Werkskeppingsprojekte, geletterdheidsklasse en die aanleer van lewensvaardighede is bo-aan die lys. Hierdie informele diens van die kerk is uiteraard moeilik kwantifiseerbaar, maar beloop miljoene rande per jaar.

8.1.9 Aan "sendingwerk" – wat breed opgevat moet word en sowel die uitdra van die evangelie binnelands en buitelands as die barmhartigheidsdienste wat daarmee verband hou en interkerklike hulpbetoon omvat – is in 1982 sowat R12 miljoen bestee, in 1987 R23 miljoen en in 1994 sowat R30 miljoen. Vandag word sendingwerk ook gesamentlik deur die NG Kerkfamilie (die Ned Geref Kerk, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Geref Kerk in Suider-Afrika) gedoen.

8.1.10 "Die merkwaardige verhaal van die sendingwerk van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika en in ander Afrika-lande moet nog volledig vertel word," het 'n Duitse joernalis op besoek aan Suid-Afrika 'n paar jaar gelede gesê. "Daar moet 'n keer deeglik kennis geneem word van wat geslagte sendelinge gedoen het om tienduisende mense na Christus te lei, om sterk, inheemse gemeentes en kerke te help vestig, om skole en hospitale te bou, om liefdesdiens aan blindes, dowes, kreupeles, armes, hongeriges, oumense en jongmense te verleen, om

predikante en geestelike werkers op te lei, om vir Bybelvertalings en ander lektuur te sorg, om die radio en televisie ter wille van die evangelie in te span. . ."

(Gegewens uit: JJ de Klerk ea: *Die Diens van Barmhartigheid en die Ned Geref Kerk,* Kaapstad, 1990; brosjure: *Die oes is groot,* Kaapstad, 1987, en verdere inligting verskaf deur barmhartigheidsdiens- en sendingkantore van die Ned Geref Kerk.)